

Dinsdag 11 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Konings 14:1-31

Fokusgedeelte: 1 Konings 14:9, 10

Die Here eis dat ons Hom alleen sal dien

Die Ryk het geskeur. Rehabeam is Juda (die suide) se koning en Jerobeam is Israel (die noorde) se koning. Beide hierdie konings het gedoen wat verkeerd is in die Here se oë.

Jerobeam probeer God afbeeld deur twee goue kalwerbeelde te laat maak. Hy het God probeer inperk toe hy gesê het dat die beelde God verteenwoordig. Maar God kan nie afgebeeld of ingeperk word nie (vgl. 2 Sam. 7:7). Tog gaan Jerobeam voort en eis van sy volksgenote om voor hierdie beelde te buig, want hy was bang die volk gaan aanbid in Jerusalem en volg koning Rehabeam na (1 Kon. 12:26-28).

Omdat Jerobeam in sy sonde volhard het, gaan die Here die koningshuis van Jerobeam uitroei (1 Kon. 14:10). Die Here duld dit nie as sy kinders Hom tweede in hulle lewens stel nie (vs 15). In sy liefde verwag God van sy volk om Hom alleen te vertrou. Die Here het sy verbondsvolk afgesonder om slegs aan Hom gehoorsaam te wees (vgl. Deut. 7:9-11). En daarom tree die Here op teenoor diegene wat nie sy woorde ernstig opneem nie. *“Toe het Jerobeam se vrou teruggegaan Tirsa toe. Net toe sy oor die drumpel van die paleis stap, het die kind gesterf”* (vs 17).

Dieselfde geld vir die ander koning, Rehabeam. Onder sy regering het Juda ook afgode gemaak en hulle vertrou daarop gestel (1 Kon. 14:22-24). Die Here tree ook teenoor hom op en laat toe dat Egipte die tempel plunder.

Hierdie twee konings, en baie leiers na hulle, laat die kinders van die Here sug na 'n betroubare Koning (vgl. Rom. 8:22, 23). Die koms van die ewige Koning, Jesus Christus, bring verligting, want Hy regeer volgens God se wil. Noudat ons gewaarsku is, kom ons dien die Here.

Sing: Psalm 48-1:1, 5

Ds. LD Myburgh (Daniël) (Venterstad)